



# **Die Koninkryk in my**

Dr. Gerrie de Haas

[gerrie@gedaministries.co.za](mailto:gerrie@gedaministries.co.za)

# **DIE KONINKRYK IN MY.**

Jesus antwoord hulle: 'My koninkryk kom nie in die fisiese nie. My koninkryk is ook nie hier of daar nie – My koninkryk is in julle'.

## ***Mattheus 4:17;***

'Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom'.

## ***Mattheus 10:7;***

'En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom'.

1. Die koninkryk in my.
2. Die koninkryk van die Vader.
3. Die doel van mens op aarde.
4. Die koninkryk van konings.
5. Die doel van die koms van Jesus Christus.
6. Die openbaring van Jesus Christus.
7. Dáár is die Lam van God.
8. Koninkryk Outoriteit.

# DIE KONINKRYK IN MY

## **Mattheus 28:18-19;**

‘En Jesus het nader gekom en met hulle gesprek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het’.

Dit is wat ek en jy eintlik besig moet wees om te doen – besig wees om die nasies te doop. Besig om mense te help om te verander en besig te wees om die wêreld te verander. Dit is waarvoor ons eintlik geroep is. Doen Christene dit?

Die rede waarom ons dit nie doen nie, is dat ons te godsdienstig geword het. Ons het aangepas by ‘n godsdienstige sisteem en het hierdie visie verloor.

‘n Mens sonder visie is ‘n mens sonder rigting, ‘n mens sonder ‘n doel. Maar, ons as Christene het ‘n visie en daarom het ons rigting – ons doen net niks daaraan nie.

Ons dink God haat sondaars en daarom wil ons ook niks met hulle te doen hê nie. Ons moet beseft dat ons besig moet wees om vir mense te vertel: ‘Die koninkryk van God is naby! Bekeer julle!’

Die Jode in die ou tyd het ook die geskifte verkeerd verstaan.

Hulle het die koms van die Messias en die koms van die koninkryk in die fisiese verwag.

Hulle het geglo dat as die Messias sou kom, sal hy groot en sterk wees en Hy sal ‘n groot koninkryk kom vestig wat die hele Romeinse Ryk sal omver gooi, en hulle sal daarna saam met Hom regeer.

Toe Jesus kom en Hy begin om die evangelie te verkondig, het hulle Sy boodskap gladnie verstaan of geglo nie. Net omdat Hy nie as ‘n koninklike gekom het nie. Hulle vra vir Hom: ‘Waar is dan hierdie koninkryk?’ Jesus antwoord hulle: ‘My koninkryk kom nie in die fisiese nie. My koninkryk is ook nie hier of daar nie – My koninkryk is in julle. Ek kom gee aan julle die vermoë om te heers en te regeer’.

Op die dag waarop Jesus Sy triomfanklike intog in Jerusalem gemaak het op die rug van ‘n donkie, het die pad verby die tempel geloop.

Die optog het die Farisieërs omgekrap omdat dit hulle godsdienstige poging binne in die tempel versteur het.

Die deur gaan oop en 'n priester skreeu vir hulle:

'Wat gaan hier aan? Julle pla die hoëpriester!

Weet julle dan nie wat ons doen nie? Ons is hier binne besig met 'n baie belangrike gebedsdiens. Weet julle waarvoor ons bid?

Ons bid vir die Messias om te kom, en julle het die vermetelheid om hierdie lawaaierige optog te hê en ons te kom pla.

Wie is hierdie man op die donkie nou eintlik?'

Hulle het die uur van besoeking gemis. Hy was in die dorp en hulle het dit nie eers geweet nie. Die Messias het by hul deur verbygegaan terwyl hulle binne besig was om te bid dat Hy moet kom. Die ergste is dat ons ook hier binne besig kan wees om vir Hom te bid, terwyl Hy besig is om buite verby te gaan. Erger nog! Die 'binneste' klomp loop Hom mis, terwyl die 'buitenste' klomp saam met Hom gaan!

Kan dit ook met die kerk gebeur? Weer 'n keer, ja! Ons is so besig met godsdiens dat ons die doel van die koninkryk mis!

'n Geestelike koninkryk beteken koninklike krag. Dit beteken heerskappy en heers en regeer. Daarom beteken dit dat elke persoon wat gered is, die reg het op outoriteit, die reg het tot koningskap, die reg het tot koninklike krag. Hierdie reg en krag is vir ons nou hier op aarde, en verseker nie vir eers as ons in die hemel is nie.

Ons het geen krag in die hemel nodig nie, maar hier op aarde verseker.

Dis hoekom Satan al sedert die begin van die eeue so 'n erge aanslag gemaak het om hierdie outoriteit teen te staan, en om die uitstorting daarvan te keer.

Hierdie evangelie en hierdie boodskap beteken net vir jou één ding: Die Koning is in jou. Dis onsigbaar en kan nooit vernietig word nie en sal vir ewig bly.

Ons moet altyd besef dat dit wat God hier vir jou gee as geskenk, geen mens of bose gees ooit weer van jou kan wegneem nie.

Ons het koninklike gesag oor siekte, oor die dood, oor die pes, oor die hel en oor die graf – dit is heilige krag.

So het dit begin en so sal dit eindig!

## **Wat dan is die groot probleem vandag?**

Jy mag voel dat die wêreld probeer om jou te beperk.

Ons moet losbreek van hierdie beperking wat op ons geplaas word en begin doen dit wat God se doel in ons lewe is.

Ons is hier op aarde die verteenwoordigers en die ambassadeurs van Sy koninkryk, maar die kerk het sy geloof in die Koning van die koninkryk verloor. Die gevolg is dat ons maar baie skrikkerig en bewurig en irrelevant geword het.

As jy vandag van die kerke se diakens en ouderlinge neem en jy plaas hulle tussen 'n spul ongelowiges, is hulle irrelevant. Daar is geen werklike verskil tussen hulle nie. Hulle lyk maar ewe vaal. Die kerk het totaal kragteloos geword. Dis geen wonder dat hulle geen indruk maak op die Satan of op demone of op 'drug-dealers' of op alkoholiste of prostitute nie. Die kerk het die groot opdrag van 'gaan maak dissipels' met tyd totaal verloor.

Hoe op aarde gaan ons vir hierdie verlore gaande wêreld wys en vertel dat Jesus Christus opgestaan het? Die God wat ons dien is nie 'n pap, lustelose en flou God nie! Nee, Hy is die God wat die hele wêreld, die son, die maan en die sterre in Sy hande hou. Al wat Hy soek is mense met gewillige harte.

Wanneer God 'n mens roep, kom sê Hy: 'Kom en gaan dood aan jouself – dat jy kan begin lewe'. As jy nog nie iets gekry het om voor dood te gaan nie dan het jy ook nog nie iets gekry om voor te lewe nie.

Daar gaan egter nou 'n tyd kom waar Christene gaan nou opstaan en sê: 'Genoeg is genoeg!' Hulle gaan opstaan en die krag van die koninkryk begin demonstreer. Hierdie gaan in elke nasie en land gebeur. Dit gaan die groot geestelike oorlog begin waarvoor ons wag.

Jy moet besef: Daar is 'n koninkryk binne-in jou. Daar is iets baie gevaarlik in jou! Dis so gevaarlik dat Satan nie wil hê jy moet dit ontdek nie.

Indien jy dit besef, word jy dadelik 'n fisiese en geestelike vyand van Satan se agenda.

Die goeie nuus is dat dit van jou en van my afhang om hierdie wêreld voor te berei vir die wederkoms!

Die wêreld gereed te maak om die eindtyd-kerk te wees.

Maar, die wêreld is vol van "**Kweekhuis-Christene**":

Ons is soos plantjies wat in sakkies geplant is en in kweekhuise staan. Daar binne word die temperatuur reguleer, met net genoeg water en die regte voeding en ons groei tog te lekker.

Maar, daar kom 'n dag dat hierdie plantjies uitgeplant moet word. Hulle word uit die kweekhuise uitgedra, die sakkies word afgehaal en hulle word buite in beddings geplant.

Hier moet hulle nou staan en blom en saad maak.

Daar buite waai die wind, soms is dit te koud, soms is dit te warm en die plantjies hou niks daarvan nie!

As jy by so 'n bedding verbyloop, hoor jy hulle roep: 'Vat ons terug, dis nie lekker hier buite nie. Hierdie evangelie is nie vir ons nie!' Klink dit bekend?

Jy moet begin glo aan die produk wat jy verkoop.

Jesus het geglo in dit wat Hy adverteer het.

Of Hy my red of nie – Hy bly die Redder,

of Hy my genees of nie – Hy bly die Geneesheer,

of Hy my vrymaak of nie – Hy bly die Bevryder.

## **Hoe gaan ons dan oorwin?**

Op 'n dag besef jy dit ook: Daar moet iets meer wees.

Ek glo jy moet desperaat wees vir 'n ontmoeting met God – dis die roeping wat hy in ons geplaas het.

Ons moet een ding besef: God gaan nie Sy Gees uitstort waar Hy nie honger aantref nie. Honger beteken dat jy ontevrede is hoe jy nou sonder Sy krag en Sy volheid lewe.

God kom terug om Sy kerk weer in besit te neem, maar daar moet 'n honger en 'n dors in jou wees.

Hy wil homself aan ons kom openbaar.

Kom ons soek Sy teenwoordigheid.

God is moeg om die tweede plek in te neem teenoor alle ander dinge in ons lewens. Hy is selfs moeg om tweede te wees in ons kerk en in ons kerkprogram.

Ons leef te dikwels op 'n laer vlak as wat God vir ons bedoel het.

Wanneer Hy dan skielik opdaag, is dit vir ons 'n groot skok.

Dis tyd dat ons bevry moet word van dooie godsdienste en dat ons so honger sal raak vir God dat niks anders sal saak maak nie.

'n Suksesvolle lewe gebeur nie net nie, dit word gebou.

## **Die huis van Brood:**

Die prioriteit van God se teenwoordigheid het verlore gegaan in die kerk. Die kerk is die 'Huis van Brood', maar daar is nie meer brood in die 'Huis van Brood' nie.

Ons is soos bakkerie wat oop is, maar geen brood het nie.

Verder nog: ons is nie geïnteresseerd daarin om brood te verkoop nie. Ons hou net van die geraas en die gepraat wat aangaan rondom die koue oonde en die leë rakke.

Om die waarheid te sê: ek wonder of ons ooit weet of Hy hier is, of nie, en as Hy hier is, wat doen Hy?

Die rede waarom mense hulle 'Huis van Brood' verlaat is net omdat daar geen brood meer is nie.

Deesdae is dit so algemeen dat mense kerke verlaat of vermy.

Hulle het weggegaan en iewers anders heengegaan op soek na brood.

Ek kan jou vertel waarom mense in hulle duisende na kroeë, klubs, die 'New Age' en spiritisme stroom. Hulle probeer net om 'n greep op die lewe te kry en te oorleef, want ge-ordende kerk het hulle gefaal. Mense het keer op keer na die 'Huis van Brood' gekom om slegs te vind dat daar eenvoudig net te veel van die mens aanwesig is, en te min van God.

Ons sing en praat oor die heerlijkheid van God wat die aarde gaan vul en gaan bedek, maar hoe gaan dit deur die strate van die wêreld vloei as dit nie eers in die gange van die kerk kan vloei nie? Dit kan nie – net agv. die louheid en koudheid wat daar heers.

Die belangrikste opdrag is tog dat daar 'iets' moet gebeur.

Dit moet iewers begin en dit moet nie 'daar buite' wees nie, dit moet hier 'binne-in' ons kerke wees.

Die kerk is tog immers geroep om dit te begin.

## **Hoe gaan mense weer saamvloei en saamloop?**

Dit sal gebeur op daardie oomblik wanneer hulle weer die Brood van Sy teenwoordigheid in die kerk proe.

Herlewing sal uitbreek onder almal wanneer hulle hoor dat daar weer werklik brood in die huis is.

Hulle sal deur ons deure stroom na die geur van warm, varsgebakte brood uit die oonde van die hemele.

Kom ons gaan uit en doen dit!

# DIE KONINKRYK VAN DIE VADER

As ons kyk na die tydperk nadat Jesus opgevaar het na die hemel, dan sien ons die eerste kerk. Die eerste kerk word aan ons mooi beskryf in die boek Handeling. Die apostels van Jesus het hier leiding geneem en saam met die Heilige Gees die kerk gevestig.

Ons moet altyd die woorde van Jesus onthou toe Hy vir Petrus gesê het dat Hy, Jesus, die kerk sal bou op mense en dat dit gelei sal word deur die Heilige Gees.

Die eerste tydperk was baie suksesvol in die kerk. Na die eerste drie eeue het dinge verander. Een van die grootste redes daarvoor is dat die kerk die vermoë verloor het om aktief teen die duiwel te staan en oor hom te heers. Ons word so duidelik gewaarsku in die Bybel om 'die duiwel geen plek te gee nie'.

Die resultaat was 'n kragtlose kerk. Daar was oor die jare tog oplewings en uitstortings van die Gees en herlewings met baie wedergeboortes, maar die aktiewe werking van die Heilige Gees is grootliks aan bande gelê.

Alles in die kerk het later net verval in kragtlose samekomste. Hierdie tyd van ongeveer 300 na Christus tot nou, word as die 'godsdienst era' gesien. Godsdienst het die norm geword, met baie min verhouding met Jesus Christus self.

Tans staan ons op die vooraand van 'n nuwe tydperk, die 'Koninkrykstydpark', waarin gelowiges die outoriteit gaan opneem.

2000 jaar gelede het Jesus Christus aarde toe gekom om weer oorwinning oor Satan te verkry. Omdat Hy die Satan oorwin het, het Hy dit vir ons moontlik gemaak om ook hierdie oorwinning te kry. Die probleem is egter dat so baie Christene nie weet wat hierdie oorwinning werklik beteken nie en leef hulle nog onder die omstandighede en heers hulle nie oor omstandighede nie.

Christene is geroep om deur die krag van die Heilige Gees weer outoriteit oor Satan terug te wen, in die Naam van Jesus Christus en dit dan vir God die Vader aan te bied. Hierdie tyd het nou aangebreek. Kyk, die ou dinge is besig om verby te gaan!

Omdat Christene in vorm-godsdienst vasgevang is, glo hulle dat ons maar net so kan aangaan en hoop om eendag hemel toe te gaan. Die Here kom waarsku ons teen hierdie gesindheid.



Hy praat oor die laaste kerk in die Openbaring en sê vir ons:  
'Julle is die laaste geestelike stad waarvan Ek praat.  
Die stad van Laodicéa, wat binnekort vernietig gaan word'.  
Die Here het begin uitspoei, dit waarvan Hy nie hou nie.

### ***Openbaring 3:15-22;***

'Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog  
maar koud of warm!

Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my  
mond spuug.

Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek  
nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en  
arm en blind en naak is nie.

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is,  
sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die  
skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë  
te salf, sodat jy kan sien.

Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer  
jou.

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die  
deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd  
hou, en hy met My.

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon,  
soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit  
het.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê'.

Dit is Jesus wat hier praat. Hy kom ons 'n baie groot belofte gee hier.  
Hy sê baie duidelik dat Hy vir dié wat die Satan oorwin, die reg sal  
gee om saam met Hom op Sy troon te sit en saam met Hom te  
regeer. Hoe sal ons nou kan oorwin as ons nie eers in die kerk geleer  
het waaroor die stryd gaan nie?

### ***Efesiërs 6:11-13;***

'Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly  
teen die list van die duiwel.

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die  
owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis  
van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle  
weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring  
het, staande kan bly'.

Die oomblik dat ek en jy in hierdie stryd betrokke gaan raak, sal dinge verander. Almal wat nie ware dissipels is nie, sal jou nou grootliks teenstaan. Van wie praat ek? Christene, maar mense wat nie deel is van die liggaam van Christus is nie.

### ***Johannes 15:20;***

‘Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: ‘n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar’.

Ons stryd is nie teen mense nie - vlees en bloed – nie, maar teen hulle wat nog deur dié magte van die duisternis beheer word.

Ek wil tog net hier ook ‘n saak aanroer:

Liewe mens, almal van ons is nie dieselfde nie. Elkeen bedien anders en elkeen het ‘n ander bediening. Christene kan so maklik iemand kritiseer net omdat hy anders is!

**Ek wil die vraag hier vra:** As dit werklik die Heilige Gees is wat ‘n persoon lei en hom bekragtig, het jy die reg om dit te veroordeel, net omdat dit jou nie pas nie?

Het jy enige reg om die werk van die Heilige Gees in twyfel te trek?

Die vraag wat hiermee saamgaan:

Het jy dan nie genoeg van die ‘onderskeiding van die Gees’, dat jy altyd so skepties staan teen die Gees se werking nie?

Ons hoor maar net by andere wat hulle opinies is, en dan volg ons hulle in wat hul glo. Passop!

Ek glo werklik dat ons al soveel meer van God se Gees kon ontvang het, as ons minder na ander mense geluister het.

Daarmee wil ek ook duidelik sê: Jy het natuurlik die reg om nie net dinge te aanvaar nie en om versigtig te wees.

Ons word tog so geleer in die Bybel. Kyk na wat iemand doen en na die resultate van die Vrug is sy lewe, en word daardeur gelei.

Ekself het soveel plakkate ontvang wat op my geplak is deur Christene, wat nou eers besef het dat dit al die tyd God was wat my gelei het. Ek weet ek was van die eerstes wat sekere dinge begin doen het, maar vergeet jou vooroordeel asseblief.

Kom ons gaan aan: Wees sterk, want dit waarvoor ons nou saam gaan staan, gaan die wêreld verander. Word deel van die oorwinning en verseker vir jou 'n lewe as heerser saam met Christus.

Die hele Bybel gaan oor 'n koninklike familie wie hulle koninkryk ook kom vestig het hier op aarde. Die Koning van hierdie koninkryk is God die Vader, wie se koninkryk in die hemele is.

Dit is in die geestelike realm.

Die koningskap, as die Drie-enige God in die hemele, het die aarde gemaak met alles wat daarop is en dit aan sy kinders gegee om daarvoor te heers.

### ***Psalm 115:15-16;***

'Julle is geseënd deur die HERE wat hemel en aarde gemaak het. Die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee'.

Op die sesde dag van die skepping is die mens gemaak na Hulle beeld en gelykenis.

Die opdrag is duidelik: Gaan vermeerder en heers oor die aarde. God se hele idee was dat die koninkryk in die hemele netso ook op die aarde moet funksioneer.

### ***Genesis 1:26-28;***

'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip'.

Daar was 'n belangrike deel in God se opdrag: 'Onderwerp dit en heers daarvoor'. Wat moes onderwerp word?

Jy onderwerp slegs iets wat nie uit sy eie uit jou gesag aanvaar nie. Die een voorbeeld: Satan kom in die vorm van 'n slang na die Tuin van Eden.

Adam moes die slang onderwerp het en oor hom geheers het, maar hy het nie.

In **Genesis 2:15** staan:

'Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak'.

Die tuin moes eintlik bewaak gewees het. Teen wie moes dit bewaak gewees het? Dit moes teen die slang bewaak gewees het.

Indien die Tuin bewaak was, sou die slang nooit kon inkom om Eva te kom mislei nie. Dis duidelik dat Adam nie hier sy volle opdrag uitgevoer het nie. Hy moes alles aan hom onderwerp het en heerskappy geneem het, maar hy het nie.

Hy het die voordele geniet sonder om die verantwoordelikhede wat daarmee saam gaan, na te kom.

Is dit nie dalk ook so in jou eie lewe nie? Bewaak jy en onderwerp jy?

Die slang kry dus vrye toegang en kom sê vir Eva dat as sy die verbode vrugte eet, sy soos God sal word.

Wat sê hy eintlik hier aan haar? Dat sy nie soos God was nie.

Dit was vir haar 'n uitdaging en sy het dit aanvaar, met slegte gevolge.

Onthou: Daar is geen groter dryf in 'n mens, as die soeke na krag, om omstandighede te beheer nie.

Die sonde van Adam en Eva het gemaak dat hulle nie hulself aan God se koninkryk onderwerp het nie. Hierdie was rebellie teen die God van die koninkryk in die hemele en op aarde.

Hier op aarde was daar dus alreeds koninkrykswette van toepassing.

God het geen keuse gehad anders as om hulle uit te werp nie.

As jy nie God se wil wil doen nie, sal dit altyd die gevolg wees.

Agv. die sonde van Adam het God die heerskappy op aarde verloor.

Die aarde is aan die mens gegee wat dit nou weer weggegee het aan Satan.

Die heerskappy kon hy ook nie behou nie. Hy het die slaaf geword van die een aan wie hy nou gehoorsaam is.

Satan, nou as die heerser, het die ganse mensdom sy slawe gemaak. Slawe van sonde en van die leuen.

Die mens verloor sy goddelike natuur en het al hoe meer soos sy meester geword, die duiwel.

Alles werk vandag nog net so.

ʼn Mens se toekoms lê daarin oor wat hy uit sy verlede geleer het. Jy kan nooit verloor, dit wat jy nooit gehad het nie.

Die oomblik dat jy kies om deel te word van die koninkryk van die Vader, het jy keuses om te maak:

Jy moet **eerstens** oor jouself heers om die mag van sonde in jou eie lewe te verbreek. Al die slegte gewoontes moet uit jou uitkom. God se begeerte is nie net dat jy moet sondig en vergifnis vra nie – Hy wil jou graag op ʼn plek bring waar jy nie meer gewoonte-sonde doen nie.

Dis gewoonlik die keerpunt in jou lewe: Sommige mense verander hul weë wanneer hulle lig sien. Ander doen dit wanneer hulle die hitte voel.

**Tweedens** moet jy heers oor die duiwel wat jou wil weghou van die lewe van oorwinning. Die outoriteit wat beskikbaar is om te heers oor die duiwel moet deel van jou lewe word.

Die lewe is nie net om te wag dat die storm verbygaan nie – jy moet leer wen, al reën dit nog.

Kampioene word nie gemaak in gimnasiums nie.

Kampioene word gemaak deur iets wat hulle hier diep binne in hulle het – ʼn begeerte, ʼn droom of ʼn visie.

**Derdens** moet jy jouself en die plek waar jy heers, bewaak.

Indien jy dit regkry sal almal wat by jou woon en deel is van jou familie, deur hierdie verbond van beskerming beskerm word.

## **DIE DOEL VAN MENS OP AARDE**

Wat was God se oorspronklike plan met die skepping?

Ons moet weet: Voordat daar iets was, was God al daar.

God beteken ʼself-onderhoudendʼ en ʼself-voortbestaanʼ.

Dit beteken dat God niemand of niks nodig het om te bestaan nie.

ʼGodʼ is dus nie ʼn naam nie maar eerder ʼn beskrywing van karakter.

God begin Sy skepping deur eers die bonatuurlike en onsigbare wêreld te skep. God stel homself met hierdie skeppingsplan bekend as die Heerser.

Die Skepper kom na vore as die Koning wat vir homself die hemele skep en so word Hy die 'Koning van die hemele'.

Die eerste koninkryk word genoem 'Die onsigbare Koninkryk van God'. Dit was 'n hemel vol engele wat Hom gedien en aanbid het. Dit was die begin van die konsep 'Koninkryk'.

God se karakter word beskryf deur Johannes in **1 Johannes 4:8** as: 'God is liefde'. Dis belangrik om te let dat daar nie staan 'God **het** lief nie', maar 'God **is** liefde'.

Hierdie liefde in Hom het by God 'n behoefte geskep om Sy Koninkryk en Sy heerskappy met iemand te deel. Liefde word eers vervul wanneer dit gegee en gedeel word met iemand. Liefde sonder 'n aksie, is niks.

God se liefde het Hom as die Koning van die hemele motiveer om geestelike kinders te skep wat Sy Koninkryk met Hom kan deel. So is die doel van mens om saam met God te heers en saam met Hom 'n leier te wees.

Hoor wat sê Jesus oor hierdie Koninkryk. Hy sê duidelik dat hierdie Koninkryk alreeds op aarde was toe mense geskape is.

### **Mattheus 26:34;**

'Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af'.

Die natuurlike fisiese wêreld word nou geskape in **Genesis 1:1**. In die begin (toe God begin het) het God die hemel en die aarde geskape'.

God se plan was om mense hier te laat heers soos wat dit ook in die hemel was. Dit was God se idee om Sy onsigbare Koninkryk te kom deel met mense en om aan hulle Sy natuur en Sy karakter te kom gee.

In die Boek Genesis sien ons hoe God 'n fisiese wêreld skep hier op aarde. Sy doel was om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig sonder dat Hy self hierheen hoef te kom. Die gevolg van hierdie skepping was die sienbare wêreld wat ons ken.

God se plan was om 'n geslag en familie te skep uit Sy eie Gees, wat net soos Hy sou wees – geskape na Sy beeld.

## **Genesis 2:7;**

'En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword'.

Let op hoe God die mens skape.

Die liggaam: 'uit die stof van die aarde'.

Die gees: 'in sy neus die asem van die lewe geblaas'.

Die siel: 'dit het hom 'n lewende siel gemaak'.

Mens hier was presies soos wat God was. Perfek.

As Sy verteenwoordigers moes hulle Sy onsigbare Koninkryk hier op aarde kom vestig as 'n sigbare een. Dis hoekom God mense gemaak het. Hierdie mense moes Sy seuns (en dogters) gewees het.

God se doel was om met elkeen hier 'n persoonlike verhouding te hê.

Dit was nooit God se plan om godsdienst hier te kom vestig nie.

Nee, Hy wou mense skep om 'n verhouding met hulle te hê.

Godsdienst is die gevolg van 'n diep innerlike behoefte van mense in hul siel. Iets wat hulle nog nooit kon beskryf het nie.

Dus het godsdienst gekom in die vorm van gelowe, rituele, tradisies en planne, net omdat mense dit nie kon regkry om in 'n verhouding met God te staan nie. Dit was tog immer Sy plan gewees.

Selfs in alles wat Moses geskryf as die wet wat mense moes volg, staan daar niks van formele beoefening van godsdienst of tradisies nie.

## **Die geboorte van die Koninkryk:**

Die mees kragtige motivering van die hart van mens is die strewe na krag. Waarom is daar 'n begeerte om alles om ons – ons omgewing en ons omstandighede, te beheer?

Die antwoord lê in die natuur en in die hart van die menslike gees.

Die mens is oorspronklik deur God gemaak om krag uit te oefen en alles om hom te bestuur. Die hele doel van die skepping was immers vir die mens om oor die aarde en alles wat daarop is te heers en om die heerskappy van die onsigbare wêreld oor te dra na ons fisiese natuurlike wêreld.

Hierdie hele program was daarop gemik om Sy seuns in beheer te stel.

Dit staan geskrywe in: **Genesis 1:26-27;**

‘En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape’. Hierdie verklaring is duidelik wat God se doel was.

### **Kom ons kyk net na ‘n paar punte:**

1. Toe God die mens gemaak het, het Hy die mens se gees laat kom direk uit Sy Gees. Die mens het dus al die eienskappe van sy bron – God die Skepper, in hom.

In Hebreeus is die woord ‘bron’ ‘Abba’. Wat vertaal word as ‘Vader’. Dis waarom God gesien word as die Vader van alle mense.

2. Die woord ‘beeld’ hier beteken nie ‘n fisiese ooreenkoms nie, maar beteken: Sy natuur, Sy karakter en Sy wese.

Dit beteken dat mens ‘n geestelike wese is en in sy natuur soos God is. Dis waarom mens hoër gestel word as alles op aarde.

Mens word hier die opdrag gegee om as agent van God op aarde op te tree.

3. Die woord ‘mens’ hier beteken nie geslag nie. Dis die naam wat gegee is aan ‘n geestelike spesie.

4. ‘Laat hulle heers’ is duidelik die oordra van Goddelike gesag aan mens. Die mens word hier gevestig as die enigste wettige outoriteit op aarde en kry ons die reg om namens Hom op te tree.

Weereens is dit die rede waarom mens gemaak is.

5. ‘Laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip’.

Dit toon aan ons duidelik wat die grense is van die heerskappy van die mens. Die belangrikste deel hier is dat ‘mense’ nie onder hierdie groepe val nie. Die Skepper God het nooit bedoel dat sekere mense oor ander sal heers nie. Dit was nooit die plan nie.

Ons is slegs geskape om oor die res van die skepping te heers.



## **Opsom:**

- \* God gee aan die mens heerskappy oor die aarde.
- \* God gee aan mens heerskappy oor die skepping, nie oor ander mense nie.
- \* God het nooit aan die mens heerskappy gegee oor die hemele nie.
- \* God het nooit aan mense godsdiens kom gee nie, maar 'n verhouding.
- \* God het nooit aan mense die hemel belowe nie, maar die aarde.

## **DIE KONINKRYK VAN KONINGS**

Die Griekse woord vir heers, is 'basileia'.

Dit beteken om te heers, om in beheer te wees oor iets, om 'n koning te wees en om soos 'n koning op te tree.

Wat is dit vir jou en vir my?

Dit beteken om aangestel te wees en om verantwoordelik te heers oor 'n aangewese gebied met die outoriteit wat aan jou toegeken is.

God het mens gemaak om te heers oor die aarde en om die koninkryk van God hier op aarde te vestig. Die koninkryk is eers in die Hemel gevestig en die opdrag aan mens is om die Koninkryk van die Hemele net so op aarde aan te gaan oprig.

Die koningskap wat God hier in gedagte het is totaal verskillend van dit wat konings in die verlede hier op aarde gehad het.

Dit wat die Skepper God aan mens gegee het om oor te heers hier op aarde is gegee aan mans sowel as aan vrouens.

Dis fundamenteel om te besef dat die hele menslike ras hiervoor afgesonder is.

Die mandaat wat God aan mens gee is nie om oor mekaar te heers nie, maar om oor alles wat geskape is, gesamentlik te heers.

Daarom is ons almal veronderstel om heersers en konings te wees.

As ons nou terugkyk na die geskiedenis dan sien ons hoever mens hierdie doel gemis het. Presies net die teenoorgestelde het gebeur.

Die hele Ou Testament lyk so en in Jesus se tyd was dit die norm van die dag. Geen wonder Jesus het so heftig teen die orde van daardie tyd in opstand gekom nie.

In die tyd toe Moses die volk uitgelei het uit Egipte na die beloofde land het God hierdie woorde gespreek: ***Eksodus 19:5-6;***

'As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel'.

Om die Koninkryk te vestig begeer God dat ons Sy heerskappy, Sy wil en Sy natuur vanuit die hemel hier op aarde vestig.

God het die mens gemaak met al die gawes en heilige natuur in hom om God se wil hier op aarde te doen.

Die doel: God wou Sy wil en Sy Koninkryk hier op aarde vestig net soos wat dit in die hemel was. Die eerste ding wat God gedoen het is om die mens te maak na Sy beeld – net soos Hy.

Die eerste mandaat wat Hy hom gegee het is om te heers.

### ***Genesis 1:26-28;***

'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip'.

### **Dit beteken:**

\* God het die mens heerskappy oor die aarde gegee.

\* God gee aan die mens heerskappy oor die skepping (die diere, die voëls, die visse) – nie oor ander mense nie.

\* God het nooit aan die mens heerskappy oor die hemel gegee nie.

\* God het nooit aan die mens godsdiens gegee nie, maar Hy het met hom 'n verhouding begin.

\* God het nooit aan mens die hemel belowe nie, maar die aarde.

In die Tuin van Eeden begin God met Sy verhouding met Adam. God se Gees – die Heilige Gees, was in Adam. Die Gees in Adam het dit mootlik vir hom gemaak om direk met God te kommunikeer.

Satan se doel was om om hierdie verhouding te breek.

Dit was net moontlik as Adam sonde kon doen. Die oomblik toe Adam sonde gedoen het, het hy nie net die verhouding met God verloor nie, maar ook die vermoë om te heers as 'n koning hier op aarde. Dit was die verlies van die Koninkryk van die hemele hier.

Die ergste kriminele daad wat enige mens teen 'n koninkryk kan pleeg is hoogverraad. Om die koninkryk te verloën.

Deur die hele geskiedenis en nasies was dit nog altyd dié een oortreding wat met die dood gestaf is.

Wanneer 'n regering 'n persoon aanstel en aan hom die outoriteit gee om hom te gaan verteenwoordig, is dit die hoogste eer wat aan iemand moontlik gegee kan word.

Dit is in hierdie lig wat ons moet sien wat Adam gedoen het.

Die val van Adam was nie net 'n persoonlike daad van ongehoorsaamheid nie, maar van hoogverraad. Wat Adam eintlik gedoen het, het die doodstraf verdien. Hy het die vertrouwe wat in hom gestel is nie gedoen nie, maar sy God verraai.

Die geestelike implikasie was dat die verhouding wat daar tussen die Koning van die hemele en mens was, verbreek is. Adam verloor sy pos as ambassadeur op aarde en verloor so ook sy heerskappy. Die belangrikste nog was dat hy ook die verhouding wat hy met die Heilige Gees gehad het, verloor het.

Adam se ongehoorsaamheid het hom nie net sy persoonlike verhouding met God gekos nie, maar hy het ook sy koninkryk verloor.

Hy is skielik 'n ambassadeur sonder 'n portofolio, 'n hooggeplaasde sonder status, 'n mens sonder 'n land, 'n koning sonder 'n koninkryk en 'n heerser sonder 'n plek om te heers.

Die feit is dat die Koninkryk van die Hemele verlore gegaan het op aarde. Die aarde word nou 'n plek met 'n onwettige regering. Die vyand, as Satan, is nou in beheer van die aarde.

Hierdie is alles die gevolg van wat God gesê het in **Genesis 2:17**;

'Maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe'.

Dood hier was nie fisiese dood nie, maar dood as gevolg van 'n verbreekte verhouding met sy Bron en met die Koning.

Adam leef nog 930 jaar na sy ongehoorsaamheid.

Alles wat in hom belê is het verlore gegaan.

Wat was God se woorde aan die teenstander, die duiwel hier?

**Genesis 3:15**;

'En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt'.

Hierdie belofte van God is so belangrik:

God belowe aan satan dat daar 'n tyd sal kom wanneer die nageslag van die vrou hom hewig sal teenstaan en sy krag gaan verbreek.

Hierdie nageslag sal weer in outoriteit begin beweeg en die heerskappy wat eens aan Adam behoort het, weer terugneem.

Dit beteken dat die Koninkryk weer aan mense gaan behoort.

Hierdie was die eerste belofte dat die Messias weer gaan kom.

Adam het nie godsdiens of die hemel verloor nie, maar 'n koninkryk.

In wat God gedoen het deur Sy Seun aarde toe te stuur was nie net om restourasie te kom doen nie, maar om weer die Koninkryk op aarde te kom vestig. Dis waarom die Messias moes gekom het.

Mense vandag besef: Dit is onmoontlik om 'n verhouding met die Lewende God te hê deur middel van godsdiens.

Al die reëls en regulasies wat ons so getrou probeer navolg het, het maar slegs die honger gestil wat elkeen van ons hier binne het om Sy Koninkryk te ervaar.

'n Koninkryk waar ons in oorwinning en in krag kan loop.

Jesus sê vir ons iets hiervan in sy bergpredikasie:

**Mattheus 5:3-6;**

‘Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word’.

Hierdie was Jesus se oplossing vir ons probleem.

Hy het toe al gesê ons is ‘arm’. Dit beteken dat ons ‘n inherente behoefte en ‘n tekortkoming het. As ons dit besef en weet dat godsdienst nie die oplossing is nie, het Sy koninkryk naby gekom. Alleenlik Sy koninkryk wat in ons harte sal inkom sal ons kan troos as ons treur oor wat verlore is.

‘n Man skryf dat hy eendag sit by die bekende Kerk van die Opstanding in Jerusalem, Israel. Hy sê hy sien die volgende:

\* Aan die buitekant van hierdie kerk is duisende Christene met kameras in hulle hande, vol van opwinding om die kerk binne te gaan – om net iets van Jesus te sien;

\* Buite by die Tempel-berg is daar honderde Moslems wat kniel op die betonvloer. Hulle stamp hulle koppe op die vloer en met hulle hande was hulle hulself serimonieel af met heilige water.

\* Onder by die Klaagmuur is daar honderde Jode wat by die muur staan en aanbid. Hulle wieg vorentoe en agtertoe om God se aandag te probeer kry.

Die man skryf: Is dit werklik waarvoor ‘n liefdevolle Vader gekom het? Alles lyk so na harde werk en inspanning.

Elkeen van hierdie groepe is onder druk – elkeen probeer om een of ander god met ywer te dien.

Is dit wat God werklik beplan het?

Die woorde van onse Here Jesus Christus kom na hom toe:

**Mattheus 11:28-30;**

‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig’.

Hy skryf: Hierdie woorde van Jesus en dit wat ek gesien het met my eie oë, het my lewe verander.

Godsdienst is harde werk.

Dit is maar slegs die begin na ons soeke na die lewende God.

Ons sal nooit rus vind totdat ons nie die vrede van Sy koninkryk ervaar het hier op aarde nie – en nie eendag in die hemel nie.

Wat het Jesus self oor hierdie koninkryk gesê?

**Mattheus 10:7;**

'Gaan uit en preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom'.

**Lukas 12:31;**

'Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word'.

**Lukas 12:32;**

'Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehag daar in gehad om aan julle die koninkryk te gee'.

## **OPSOMMING:**

### **Wat is God se oorspronklike plan vir die mens?**

- \* God wil 'n familie begin op aarde met geestelike seuns en dogters, nie diensknegte nie.
- \* God wil 'n koninkryk vestig, nie 'n godsdienstige organisasie nie.
- \* God wil Sy koninkryk van die Hemele net so vestig ook hier op aarde,
- \* God wil die aarde beïnvloed en daarvoor heers deur die seuns en dogters wat Hy hier aangestel het.

Luister wat het God vir Sy volk gesê:

**Eksodus 19:5-6;**

'As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees'.

# DOEL VAN DIE KOMS VAN JESUS CHRISTUS

Na die val van Adam wag ons 4000 jaar vir die koms van die Koning van die Koninkryk – Jesus Christus. In hierdie tyd was God nog altyd daar, maar die wêreld word beheer deur die Satan.

God besoek die aarde om dinge te herstel in die vorm van Sy Seun. Hy is 'n afstammeling van Adam en Hy kom om die mens 'n kans gee om weer regverdig te wees. Die enigste manier hoe dit kan gebeur is dat Hy Sy bloed op die kruis moet kom stort.

Die dood en die Bloed op die kruis is die manier om weer in 'n verhouding te kom met God die Vader. Jesus moes sondeloos gewees het, sodat ons deur hom regverdig kan wees.

## ***2 Korinthiërs 5:21;***

'Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Om regverdig te wees kom nou deur ons verhouding met Vader wat alleenlik herstel kon word deur Jesus Christus.

Ons kan nou al die beloftes wat ooit aan ons gemaak is, ontvang. God die Vader kan nou Sy heerskappy in ons doen om hier namens Hom te regeer. Die koninkryk wat Christus kom vestig op aarde word opgemaak uit mense wat nie net soekers is na die waarheid nie, maar ook werklike dissipels wat hom met alles navolg.

Op dertigjarige ouderdom begin die bediening van Jesus Christus.

Na Sy doop volg die versoeking deur Satan in die woestyn.

Satan is gladnie ingenome met die koms van die Koning nie.

Die versoeking koms juis om Sy opregtheid te toets.

Na die vas van veertig dae en die vervulling met die Heilige Gees kom Jesus uit die woestyn en verklaar Sy doel op aarde:

## ***Lukas 4:18-19;***

'Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees;

om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig'.

Enige land wat 'n besoek kry van 'n president of 'n wêreldleier, bring homself in gereedheid in die weke voor die besoek.

Die hele land is in rep en roer.

Strate word gevee en skoongemaak, parke en geboue word mooigemaak – alles in afwagting op die leier wat kom.

Selvs mense kry hulself in gereedheid.

Dit was die rol wat Johannes die Doper kom speel het.

Hy het gekom om die Koning aan te kondig wat sou kom.

Dit was sy werk om die mense en die nasie in gereedheid te kry.

Hy moes die pad kom gelykmaak vir die Koning wat kom.

Hy het gewet: Hierdie Koning kom om Sy koninkryk te vestig op aarde.

### ***Mattheus 3:1-3;***

'In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gesprek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!'

Dis so belangrik om te let daarop dat Johannes se boodskap nie oor godsdiens was nie, maar om die weg te berei vir die Koninkryk.

Hy sê spesifiek dat wat nou gaan gebeur die Koninkryk nader aan die mense gaan bring.

Johannes die Doper was die mees unieke profeet in die Bybel.

Jesus self sê hy was die grootste van al die profete wat in daardie tyd gelewe het.

### ***Mattheus 11:11;***

'Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy'.

Waarom het Johannes hier eer te danke?

Al die profete voor hom het slegs profeteer dat die Messias gaan kom en dat daar 'n Koninkryk gaan wees.

Johannes het die eer gehad om dit aan te kondig en die eer gehad om die Koning van die Koninkryk te sien, met Hom te praat en Hom te doop.



Die geboorte was van die begin af aangekondig dat dit die geboorte van 'n Koning sou wees, en nie net nog 'n priester nie.

Hy was voorbestem om die Koning te wees.

Die priesterskap waarin Hy beweeg het verlossing gebring maar om 'n Koning te wees, was Sy bestemming.

In **Johannes 18:37** is Christus in gesprek met Pilatus.

'Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig.

Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem'.

Jesus het ook vroeër gesê in **Lukas 4:43**;

'Maar Hy het vir hulle gesê: Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur'.

Die grootste tragedie in die lewe is nie die dood nie, dit is 'n lewe sonder 'n doel of rigting.

Dus is die ontdekking van jou doel jou mees belangrikste ontdekking.

Doel beteken: Die oorspronlike motivering om iets te bereik. Sonder

'n duidelike doel in die lewe bly jou hele lewe net 'n eksperiment.

Sonder 'n doel word jy net misbruik deur ander mense.

Om 'n doel na te streef beskerm jou om nie net goed te doen nie, maar om die regte ding te doen.

Salomo sê hieroor iets belangrik in **Spreuke 19:21**;

'Baie planne is in 'n man se hart, maar die raad van die HERE, dié sal bestaan'.

Hieruit is dit duidelik dat ek en jy moet uitvind by Vader God wat ons doel hier op aarde is en in Sy liggaam.

Om nou te kyk wat die doel was dat Jesus Christus moes aarde toe kom, bring ons by dieselfde punt.

Al hoe ons gaan weet is om te kyk na wat Hy self gesê het oor die lewe.

Sy eerste publieke aankondigings het Hy gemaak toe Hy eers 30 jaar oud was. Hy praat net nadat Hy deur die 40-dae vastydperk kom.

**Mattheus 4:17;**

'Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Sy eerste woorde is oor die Koninkryk wat Hy gaan vestig. Ons hoor Hom nie regtig praat oor kerk en godsdiens nie.

**Mattheus 18:23;**

'Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken'.

**Mattheus 24:14;**

'En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom'.

**Lukas 8:1 a;**

'En daarna het Hy die een stad en dorp ná die ander deurgereis en gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig'.

**Lukas 9:11;**

'Maar die skare het dit te wete gekom en Hom gevolg; en Hy het hulle ontvang en met hulle gespreek oor die koninkryk van God, en die wat genesing nodig gehad het, gesond gemaak'.

**Lukas 22:29;**

'En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het'.

En tydens Sy verhoor net voor die kruisiging: **Johannes 18:36-37;**

Jesus antwoord: 'My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.

Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem'.

Hy het dit duidelik gesê dat ons die aarde moet beërwe en nie net op die hemel gefokus moet wees nie.

**Mattheus 5:5;** 'Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe'.

Die hele doel is dat ek en jy hier op aarde in totale oorwinning moet loop. Dan is hemel toe gaan net die bonus, nie die doel nie.

Moet ons Sy krag ontvang om dit te doen? Dit was Sy hele doel om Sy kragdimensie deur die Heilige Gees aan ons beskikbaar te stel. Krag vir wat? Krag om die duiwel teen te staan wat by ons wil steel.

**Mattheus 12:28;**

'Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom'.

Hierdie woorde dui aan dat die hele mensdom op aarde weer kan beweeg in die krag wat Adam verloor het.

Soos wat ons naderbeweeg na die klimaks in die wêreld is die vrae altyd daar: Wanneer gaan die einde kom?

Jesus was baie duidelik hieroor: **Mattheus 24:14;**

'En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom'.

Die einde kan eers werklik kom as die hele wêreld die boodskap van die koninkryk van God ontvang het. Die uur weet niemand nie, maar die tyd is vir ons belangrik. Die nasies hier beteken elke groep, elke ras, elke nasies en elke taal moet dit hoor in hul moedertaal.

Ons moet verstaan dat die tydperk van ons afhang.

Ons moet die werk gaan doen. Oor die uur sal God self besluit.

Jesus het gefokus op hierdie lering en hierdie bediening:

**Mattheus 9:35-38;**

'En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.

En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.

Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min.

Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur'.

Daar is defnitief 'n tyd by die voete van die Here. Maar daar is ook 'n tyd om uit te gaan en te begin preek. Daardie tyd is nou.

# DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS

Die hele lewe gaan oor gewone mense wat in kontak kom met 'n bonatuurlike God.

Kom ons kyk na onse Here Jesus Christus:

Ons ken Hom as die Koning van konings. As ons meer van Hom leer sal ons meer verstaan oor hoe die Godheid regtig werk.

As ons kyk na die begin verstaan ons dat Jesus Christus vanaf die ewige verlede deel is van die Drie-enige God.

## ***In Genesis 1:27-28;***

'En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Hier word die mens geskape. Man en vrou en hulle die belofte van God dat hulle aanmekaar uitgegee gaan word, vrugbaar sal wees en die aarde sal vul. Mens was hier deel van God se skepping.

Hulle was die eerste wesens met 'n gees omdat hulle na die Godheid se beeld geskape is. Of hulle Gees-vervuld was, weet ons nie.

God het 'n plan gehad met die Tuin van Eden. ***Genesis 2:8;***

'Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste'.

Hoeveel jare daar was tussen die oorspronklike skepping van die mens en die Tuin van Eden is onbekend.

Dit kon duisende jare gewees het.

Lucifer, die engel van God, was ook oorspronklik in hierdie tuin.

Daar het sonde deur hom gevolg en hy is gestroop van sy heerlikheid en sy pragtige liggaam en is nou net 'n gevalle engel en net 'n gees.

In ***Genesis 2:7*** skep God vir Adam. Eers slegs Adam alleen.

'En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword'.

Hierdeur word Adam Gees-vervuld en kon hy in die Gees met God één wees.

Adam is geplaas in die Tuin van Eden terwyl daar ander mense op die aarde gewoon het.

Adam word hier geplaas as die eerste koning.

God se verteenwoordiger van Sy Koninkryk.

Eers in **Genesis 2:21-25**, word Eva gemaak – uit Adam.

‘Toe het die HERE God ’n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak.

En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ’n vrou en bring haar na die mens.

Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem’.

Hierdie is duidelik ’n totaal ander prentjie as die oorspronklike skepping.

Toe Hy vir Adam gemaak het wou God vir Lucifer iets gewys het.

Daar was ’n kompetisie tussen geskape mens en Lucifer.

God skape vir Adam en plaas hom in die tuin van Eden.

Hierdie was die plek waar Lucifer voorheen gedien het voordat mense gemaak is.

In die boek van Esegïel staan dat Lucifer eerste in die Tuin van Eden was. Dis waar sy trots en afguns op God begin het en dit was die rede waarom hy uitgegooi is uit Eden.

Toe hy uitgegooi is het Adam ingekom.

Dadelik was daar jaloesie, haat, bitterheid en slegte verhoudinge.

Lucifer wou sy posisie terug kry, maar hy moes nou die mens teengaan.

Lucifer, nou die Satan, het direk na die Tuin van Eden gegaan.

Sy doel was nie om die mens te sien val nie – sy doel was om die heerskappy wat hy gehad het oor die aarde, terug te wen.

In die Tuin van Eden was twee bome.

**Eerstens die boom van die kennis van goed en kwaad.**

Hierdie boom het onderwys, informasie en openbaring aan die mens gegee. Dit is waarom God gesê het dat hulle nie eers daaraan mag raak nie. As die mens van hierdie boom sou eet sou hy geestelik sterf.

God se opdrag aan Adam was: 'Bly hier in die tuin en heers daaroor. Die kennis wat jy nodig het, sal van hierdie boom af kom. Ons weet dat Adam en Eva hiervan ge-eet het en wat daarna gebeur het.

### **Die tweede boom: Die boom van die Lewe.**

Wie was die boom van die lewe? Jesus Christus.  
Hy was die Tempel in die Tuin van Eden.

God het dadelik afgegaan in die Tuin om die boom van die lewe op te pas. Niemand mag aan Hom geraak het nie.

Dit is nou waar Jesus Christus inkom.

Terwyl die boom beskerm is deur die gérubs was daar 'n swaard wat gevlam en geflikker het. Hierdie swaard kon in alle rigtings beweeg.

Die swaard wat vlam praat van die 'Woord van God'.

Omdat dit in alle rigtings kon beweeg, beskerm dit al die areas van jou lewe. Die vlamme en flikkerende swaard praat van die krag van die Woord, deur die Heilige Gees.

God moes die boom hiermee beskerm.

Gérub engele was betrokke.

Hulle is normaalweg in die teenwoordigheid van God, in die hemele. Hier het hulle afgekom om die boom van die lewe op te pas.

Hierna hoor ons nie weer van die boom van die lewe nie.

Die eerste keer weer is toe Moses geroep is.

Toe God vir Moses groep het was daar 'n brandende doringbos.

Wat beteken die brandende bos en die swaard?

Dit praat van die boom van die lewe en die vlamme swaard.

Die vlamme swaard wat in alle rigtings beweeg het was daar om die boom op te pas.

Omdat daar geen konflik was tussen God en Moses nie, moes die swaard in die bos gebly het. Die vlamme uit die swaard was oor die hele doringbos in vuur, maar dit het nie aan die bos geraak nie.

Wat was God hier besig om te doen?

Hy was besig om Sy eerste kerk te begin.

Die openbaring van Christus moes eerste aan 'n mens gegee word.

Ons verwag dit nou weer vandag sodat ons in 'n dieper verhouding met Christus kan gaan. Die volgende hoër vlak is nou hier!

Wie was die brandende doringbos? Jesus Christus.  
Wat was die ander naam? Die Boom van die Lewe.

God sê aan Moses: 'Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond'.

Waarom was die grond heilig?

Die wortels van die Boom van die lewe wou met Moses kontak maak, maar die leer van sy skoene het dit gekeer.

Die oomblik toe hy sy skoene uittrek, het die teenwoordigheid van God deur sy voete in hom ingegaan.

Op daardie oomblik het Moses en God één geword.

Die Boom van die Lewe, as Christus, wil ook so met jou kontak maak. Christus wil ook so Sy persoonlikheid aan jou oordra. Hy wil hê dat alles wat hy vir jou wil sê, nie vreemd vir jou moet wees nie.

Wat Hy nou vir jou wil sê, sal gebeur!

Jy moet dit glo en dit aanvaar en dit verseël die verhouding.

Hierna hoor ons nie weer van die Boom van die Lewe nie.

Hy verdwyn uit die prentjie vir duisende jare.

Hierna kom Jesus Christus aarde toe. Hoe is Hy gebore?

Alles wat hier gebeur is bonatuurlik.

Een van die Drie-enige God kom aarde toe om as mens gebore te word. Die Godheid vind die geskikte vrou in Maria.

Maria kom van die naam 'Mara', wat 'bitterheid' beteken.

Bitterheid het na die menslike ras gekom deur sonde.

Jesus moes na 'n mens toe kom op aarde.

Die mees getroue engel, Gabriël, het afgekom.

Hy het na Maria toe gegaan en vir haar gesê: 'Kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar'.

Maria vra toe: 'Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?'

Gabriël sê toe aan haar: 'Geen ding sal by God onmoontlik wees nie'.

Hierdie woorde: 'Geen ding sal by God onmoontlik wees nie', is nie eerste deur 'n mens gesê nie. Dit is eers deur 'n engel gesê wat God al ken voordat daar eers mense geskape is.

Engele het al God se wonderwerke en tekens gesien vir eeue lank.

En Maria het gesê: 'Laat dit met my gaan volgens u woord'.

Wie se woord? God, die Woord.

## **Johannes 1:1;**

'In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God'.

Daardie oomblik het Christus, die Woord, in Maria se baarmoeder ingegaan.

Dieselfde Woord wat gesê het: 'Laat daar lig wees, laat daar son en maan wees – daardie selfde Woord het nou gesê:

'Laat daar bevrugting wees, laat daar bloedvate vorm, laat daar vlees wees!' Die hele skepping het besef: God gaan nou 'n mens wees.

Voor die geboorte van Jesus het God nog 'n keuse gemaak.

Hy moes 'n man kies om Jesus se stiefpa te wees. Van al die manne kies Hy vir Josef. Josef beteken: 'Hy wat bewaar en in stand hou'.

Josef moes eerstens Jesus, die fetus, beskerm om nie met klippe gestenig te word saam met sy ma oor die ongevraagde swangerskap nie. 'n Swangerskap voor die huwelik was gelykstaande aanowerspel, en dit moes met steniging beëindig word. God het dit verhoed. Hy het geweet dat Josef vir Maria en die kind sou beskerm.

Onthou: Josef wou nie aangaan met die huwelik nie. God moes na hom toe kom en sê: 'Josef, seun van Dawid, luister nou na My'.

Dis die eerste aanduiding dat God ooit iemand 'n guns gevra het. Josef het met sy verhouding met Maria aangegaan.

Hy het die swangerskap van God bewaar en in stand gehou en Maria nooit verlaat nie. So word Jesus Christus gebore.

Toe Christus gebore is was daar totale chaos in die geesteswêreld.

Elke deel van die skepping het elke oomblik dopgehou.

Toe daardie baba Sy eerste skreeu gee, was daar 'n beweging in die hemele. Toe Hy uitgeskreeu het met geboorte in die Gees, moes elke knie al voor Hom buig het. Tot die wyse manne buig al voor Hom.

Met die geboorte van Jesus was daar 'n ster oor Bethlehem.

Al die sterrekundiges oor die wêreld kon nooit so 'n ster vind nie.

Dit was maar eers onlangs dat hulle uitgevind het dat dit nooit 'n ster was nie, maar die grootste planeet van almal, Jupiter.

Ten tye van Jesus se geboorte is Jupiter in 'n baan by die aarde geplaas en het hy naby die aarde gekom. Daar is 'n lig uitgestraal wat die presiese plek aangedui het waar die Koning van die Koninkryk gebore is.



# DÁÁR IS DIE LAM VAN GOD...

Daar is baie mense wêreldwyd wat besig is om in 'n nuwe lewe in te beweeg - 'n koninkrykslewe . Ons moet beseft dat dit al lankal geskryf is dat daar dae sal kom waar die Heilige Gees oor ons uitgestort gaan word. Ek praat hier van 'n baie hoër vlak van die gees as waaraan ons gewoon is.

Meeste van ons het die grootste deel van ons christelike lewe spandeer in die natuurlike dimensie. Daar was tog tye wat ons in die geestelike realm inbeweeg het, maar gou was die terugkeer na ons gemaksone van natuurlik dink en natuurlik lewe.

Ons beleef 'n beweging waar gelowiges uitbeweeg uit 'n natuurlike bron van lewe, na 'n oorwinnende geestelike dimensie.

'n Geestelike koninkrykslewe word ondervind deur diegene wat deurdruk deur die opening van die gees en begin om nuwe dinge te ondervind omdat hulle ore begin hoor en hulle oë begin sien wat die Heilige Gees hulle wys en vir hulle sê.

Daar is nou soveel meer wat werklik God se stem begin hoor en nie net meer luister na hul eie emosies nie.

Watter gelowiges is dit?

Dié wat op 'n plek gaan kom waar ander gelowiges alreeds ingeprop is by die muurproppe van krag en oorwinning. Hierdie leiers is 'n sleutel. Dit is nog altyd so dat iemand wat alreeds in die geestelike dimensie leef, ander kan help om ook daar te kom.

Die gees van Elia is weer besig om die aankondiging aan baie te maak dat die teenwoordigheid van Christus in en tussen Sy mense is. Jesus het gesê dat Johannes die Doper gekom het in die gees van Elia. **Mattheus 11:10-14**

'Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak. Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie; maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy. Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld. Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. En as julle dit wil aanneem: hy is Elía wat sou kom'.

Johannes die Doper is in die Jordaan besig om mense te doop en hulle te help om hul sonde te bely en dit te laat gaan.

Hy sien die Here naderkom.

Skielik kyk hy op en roep hard uit: **Johannes 1:29;**

'Kyk, dáár is die Lam van God wat **die sonde van die wêreld wegneem!**

Daar is 'n groot verskil hier tussen die 'sonde in mense' en 'die sonde van die wêreld'.

Vandag 2000 jaar later roep die gees van Elia weer uit: 'Kyk, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!'

Die manifestasie van liefde en krag en wysheid van God, in Christus Jesus, kom weer in die teenwoordigheid van gelowiges in.

Terug in hulle wat Hom soek.

### **Mattheus 18:20**

'Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde'.

Ek glo nie dat ons ooit werklik verstaan het wat hier geskryf is nie.

Maar, soos so baie dinge wat Jesus gesê het, het ons dit nooit werklik ons eie gemaak nie.

Die rede?

Omdat ons dit op 'n natuurlike wyse uitredeneer het en dit nie werklik met geestelike ore en oë ontleed het nie.

Jesus kom belowe hier Sy teenwoordigheid tussen ons, in die gees.

Stap ons al in die teenwoordigheid van Jesus? Nee, nog nie!

Maar, gelowiges is besig om wakker te word.

Ore en oë gaan oop vir 'n dieper geestelike ondervinding met Christus.

Ons moet leer dat Christus in ons en met ons is – altyd.

Daarom: As die gees van Elia deur profete na ons roep: 'Daar is die Lam van God', moet ons ingaan, want Hy wil in ons wees.

Om in hierdie koninkryk van God te lewe, beteken net dat jy soveel geestelike outoriteit moet ontwikkel dat jy self die Satan kan

teenstaan en oorwin, en in die gees kan lewe.

Daar is nog altyd 'n natuurlike en 'n geestelike dimensie.

In ons natuurlike dimensie het ons altyd geglo dat Jesus ons sonde bedek, óf dat Hy die straf vir ons sonde wil wegneem.

In die gees is dit totaal 'n ander ding.

Hy wil nie net elke keer die straf vir ons sonde wegneem nie, Hy wil ons help om oor sonde te kan heers.

Hy wil die doen van sonde wegneem uit ons uit en nie net elke keer die straf hanteer as ons dit klaar gedoen het nie.

Ons moet beseef dat dit in die gees nou vir ons moontlik is om totaal oor gewoonte-sonde te kan heers.

Is die opdrag dan nie: 'Wees heilig, want Ek is heilig' nie?

As dit nie moontlik was nie sou God dit nooit vir ons gesê het nie.

Maar, dis slegs in 'n geestelike lewe moontlik – nie uit die natuurlike lewe nie.

Skielik begin ons die koninkryk van God verstaan.

In hierdie koninkrykslewe is die heerlijkheid ('the glory') en alles wat ons nie met ons natuurlike sintuie kon bereik nie, nou deur die Gees moontlik.

Die voorwaarde:

Dis slegs moontlik as Christus Jesus werklik lewe in ons liggame en in ons siele. Dan eers kan Hy ons vul met hemelse dinge wat ons moet verander en dan ook die hele wêreld om ons.

Wanneer? Wanneer ons kan heers oor sonde.

Sonde sal ons vir ewig slawe maak.

Ons bly die slawe van verslawing, van kwaad en van bitterheid, net omdat ons dit natuurlik wil beheer as dit al die tyd 'n geestelike ding is. Ja, dit is tyd dat ons begin bely en begin skoon kom en met die Heilige Gees vervul word – op die hoogste vlak.

As ons deur die Gees vervul word, word ons gevul en deurweek met 'n Heilige Gees lewe', in Christus.

Hier word die totale 'Vrug van die Heilige Gees' 'n werklikheid. Om te kan lewe in liefde, lankmoedigheid, vriendelikheid en verdraagsaamheid. Daar moet nie 'n perk wees aan my liefde of verdraagsaamheid nie. Dan eers word ons die Eindtyd-kerk – die 'ekklesia' en begin ons lewe in die koninkryk van God, nou alreeds hier op aarde.

### **Kerk in die Koninkrykslewe:**

In die kerk het ons die afgelope tydperk uitgesien na die wederkoms van Christus in 'n liggaam wat soos ons natuurlike liggame lyk.

Ons het verwag dat Hy sal kom om ons krag te gee en die wêreld te verander en om die sonde van die wêreld weg te neem.

Omdat ons dit meestal in ons natuurlike gedagtes bedink het, het dit verval in 'n natuurlike verwagting.

Ons het verwag dat die koninkryk van God en alles wat daarmee saamgaan in die toekoms sou wees en dat dit vir 'n ander generasie sou wees.

Nee.

Die hele gedagte om die teenwoordigheid van die Koning in ons eie lewens te ervaar, het gemaak dat ons altyd vir Jesus Christus in 'n natuurlike liggaam wou sien.

Die Koning het egter gekies dat ons Hom nou in die Gees moet ervaar in ons lewens, as Jesus Christus, die Heilige Gees in ons. Dit maak dat ons 'n koninkrykslewe in oorwinning nou al kan begin ervaar. Dit begin net altyd eerste in die gees.

Jesus Christus was Gees saam met die Gees van God in die hemele voordat Hy aarde toe gekom het om te leef in die liggaam van 'n mens.

Ons moet altyd onthou: God is Gees en ons is geestelike wesens. Daarom kan ons Hom ken en ken Hy ons deur die Gees. God en Sy koninkryk staan nog altyd in verhouding met mekaar.

Die geestelike realm het die natuurlike realm geskape en hou dit in stand. As volwasse seuns van God, in Christus Jesus en Hy in ons, kan ons die woord, die wil en die plan van God van die hemel af bring om die natuurlike wêreld om ons te verander en in te bring in die plan van God.

Die wêreld is in die genade van mense. Mense wat nie in 'n verhouding met God staan in die Gees nie, kan hier op aarde alleenlik iets voortbring wat in hulle gevalle gedagtes bestaan.

Die kerksisteem van die verlede was nie in staat om verandering te bring en die wêreld te verander nie.

Ongelukkig was die grootste invloed op die kerk die natuurlike dinge en nie die geestelike dinge nie.

Daarom sien ons die wanorde waar die wêreld wegdraai van die ware God, met die gevolge wat aan ons almal bekend is.

Slegs dié mense wat gaan bely en wegdraai van die wêreldse sisteem en van die natuurlike dinge van die verlede, na die realm van die Gees – slegs hierdie mense kan transformasie bring van die hemel af, om die wêreld te verander.

Daarom het Jesus gesê: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom'.

God is lief vir al Sy mense en alles wat Hy op aarde geskape het.

Jesus Christus het aarde toe gekom, is gekruisig, het opgevaar na God in die hemel waar Hy die lewegewende Gees geword het. Hy het terugkeer aarde toe in die Heilige Gees, om Sy werk te voltooi.

Wat is Sy werk? Om die sonde van die wêreld weg te neem en nie net mense te vergeef nie.

Hy kan alleenlik só herstel bring aan almal en alles wat verlore is in die wêreld. Ons moet nie net bestaan nie mense, ons moet lééf! Die gevolg is dat almal wat nie so in God se wil kom nie, vir ewig verlore sal gaan.

Hierdie proses van herstel en terugkeer na God is baie dramaties. Almal wat bely en herstel word sal verander word óf hulle sal verlore gaan – dit is die skoonmaakproses hier op aarde.

Hierdie proses is duidelik nou op aarde aan die gang.

Mense was nog nooit so gedwing soos nou om keuses te maak nie.

Die heiliges van God word nou opgeroep om die aarde te help herstel en almal onder die koningskap van Jesus in te bring.

Jesus sal hulle dan voor Vader God stel.

Hierdie tydperk van skoonmaak en herstel sal heiligheid en reinheid vir die ware liggaam van Christus bring.

So sal die ware kerk geplaas word in 'n posisie van outoriteit oor alles op aarde.

Vir diegene sonder God is hierdie die tydperk waar die onkruid bymekaar gemaak word om verbrand te word.

Vir hulle wat nou waarlik voorberei word, gaan daar 'n tydperk van toetsing wees.

Saam met die vreugde en vrede van God sal daar teenstand van die wêreld af wees. Wat met ons gebeur is nie altyd wat ons wil hê nie, maar, wat ons deurmaak leer ons tot wat ons in staat is.

Dit alles sal meebring dat ons self op 'n hoër vlak van heiligheid sal beweeg soos wat Christus Sy krag en Sy Gees oor ons sal uitstort.

Glo en tree nou op asof dit onmoontlik is om te verloor!

# KONINKRYK OUTORITEIT

Jesus Christus kom aarde toe.

Hy kom as 'n mens en hierdie mens moes:

\* Volkome mens wees – daarom moes Hy uit 'n mens gebore word.

\* Hy moes sonder sonde wees – anders was hy weer 'n slaaf van sonde en dus ook 'n slaaf van Satan.

\* Hy mag ook nie van Adam se saad gewees het nie.

As 'n kind of uit die nageslag van 'n slaaf, sou dit hom ook 'n slaaf van Satan gemaak het.

Jesus Christus begin Sy bediening in die openbaar. Hy het Satan oorwin in die wildernis – wat beteken: 'Plek van die duiwel'.

Dit wat hy hier moes kom doen op aarde is baie duidelik uit Sy eerste uitspraak: **Mattheus 4:17**;

'Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom'.

Jesus het dit vir die mens kom moontlik maak om die koninkryk van die hemele weer te vestig hier op aarde. Hy het vir ons heerskappy weer kom terug gee soos wat dit oorspronklik was.

Hy het nie godsdiens gebring nie, maar 'n koninkryk.

Hoe het Hy vir ons die koninkryk kom gee?

\* Hy het vir ons kom wys hoe 'n mens deur die Heilige Gees gelei moet word om te kan onderwerp en te heers.

\* Hy het dit ook vir ons moontlik gemaak om die Heilige Gees te kan ontvang.

\* Wanneer ons dan onder die leiding van die Gees lewe, is die krag van die koninkryk vir ons beskikbaar, sowel as die kultuur en die lewenswyse van die koninkryk.

Met ander woorde: Wanneer ons die Gees in Sy volheid ontvang, ontvang ons die Koninkryk van God en staan ons nie meer onder die koninkryk van Satan nie, maar kan ons hom onderwerp sodat ons kan heers.

Die groot toets vir Jesus was dat Hy gehoorsaam moes bly aan die Heilige Gees. Ons besef Hy het die mag gehad om die kruisiging te stop en nie verder te gaan daarmee nie.

Met ander woorde: Jesus moes homself as 'n gewillige offer aanbied om vir ons mense se sondes geoffer te word.

Vir Jesus wat self geen sonde geken het nie was die nie maklik om nou 'sonde te word' nie.

Hy sê ook net voordat Hy gevange geneem is: **Mattheus 26:38**;

'Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My'.

Hier sien ons Jesus Christus as die Lam.

In die verlede moes die priester 'n volmaakte, onskuldige dier geneem het en al die sonde van die volk op dit geplaas het, sodat die dier moes betaal vir die sonde. Net so was Jesus as die volmaakte offer, geslag vir ons sondes.

### **Openbaring 5:9-10;**

'Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en **ons sal as konings op die aarde heers**'.

Hy is vir ons sondes geslag sodat ons sonder sonde gemaak kan word wanneer ons tot bekering kom.

Dan is dit moontlik om die Heilige Gees te kan ontvang om daarmee heerskappy terug te vat.

Met hierdie heerskappy kan ons weer as konings en priesters op die aarde heers.

Dit is wat hy bedoel het in Openbaring 5: 'En ons sal as konings op die aarde heers'.

Tans besef ons dat dinge weer nuut word. Daar is ou waarhede wat ons nou weer ontdek wat ons denke kom verander.

Ons moet besef: Daar is krag in die Naam van God die Vader, en Jesus Christus het dit weer vir mense kom terug gee.

Dit gaan lei tot 'n Heilige Gees revolusie.

### **Markus 11:23-24;**

‘Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op enwerp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry’.

Om vas te hou aan die Koning gee ons koninkryk-otoriteit. Die koninkryk van die hemele het otoriteit oor die aarde en al sy natuurwette. Die wonderwerke van Jesus was net ‘n bewys hoe die koninkryk van die hemele heerskappy het oor enige aardse toestand.

Namate ons kan volhard in die koninkryk deur vas te hou aan die Koning, sal ons ook kan wandel in otoriteit oor enige ding op aarde. Soos wat ons nader beweeg na die einde van die tye gaan hierdie saak verander van ‘kan dit doen’ na ‘moet dit doen’.

In **Johannes 14:12** sê Jesus;

‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan’.

Jesus het dit alreeds demonstreer met Sy lewe en dit is wat Hy ver wag van ons om te begin doen.

Hierdie is ‘n baie hoë roeping en sulke otoriteit kan alleenlik kom deur te volhard in die Koning, wat hoër is as enige mag of reël.

Ons eerste prioriteit moet nie krag of otoriteit wees nie, dit moet wees in die Een wat almagtig is en alle otoriteit het. In dié tyd wat nou aanbreek sal Sy liggaam Sy krag en Sy otoriteit demonstreer om sodoende die weg voor te berei vir Sy koninkryk wat kom.

In hierdie koninkryk sal Sy liggaam – Sy uitgesoekte kerk – beweeg in otoriteit oor die natuur ook. Ons sal nie aan die natuur gehoorsaam hoef te wees nie, want die natuur sal aan ons gehoorsaam wees.

Dit moet gebeur om vir die wêreld te wys dat God se Woord waar is.

Ons gaan al die wonderwerke wat Jesus Christus ooit gedoen het weer sien op aarde en in ‘n groter mate – dit was tog Sy belofte aan ons van die begin af. Daar is ook tans diegene wat besig is om op te staan en te groei in otoriteit oor elke siekte en krankheid.



Hierdie outoriteit van die koninkryk sal saam beweeg met die prediking van die evangelie van die koninkryk. Ons weet dat hierdie tipe prediking eers moet kom voor die wederkoms van Jesus.

Die hoofsaak is dat diegene wat in outoriteit gaan beweeg, in eenheid met mekaar sal wees. Dié wat werklik vas is aan die Koning sal ook één wees in Sy liggaam – die 'eindtyd kerk'.

Om in 'n ware Christelike lewe te beweeg is die grootste avontuur wat 'n mens kan hê in die lewe.

Ons is besig om in so 'n tydperk in te beweeg.

Die grootste wonderwerk wat ons sal sien sal die eenheid wees van God se mense en hulle liefde vir mekaar. Die wonderwerke gaan opwindend wees maar die eenheid en liefde wat dit moontlik gaan maak, sal nog groter wees.

Daar was 'n tyd toe daar net twee broers op aarde was en hulle kon nie met mekaar regkom nie. Die een het eintlik gesê: 'Die wêreld is nie groot genoeg vir ons altwee nie, broer'. Sedert daardie tyd was mense en nasies en groepe in konflik met mekaar.

Wanneer die kerk volwasse gaan word en word wat sy veronderstel is om te wees sal ons verbaas staan oor die eenheid wat daar sal heers.

Jesus het gebid tot die Vader in **Johannes 17:22-23**;

'En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het'.

In **Jesaja 60:1-2** staan daar dat God se heerlijkheid oor ons sal wees:

'Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jôu sal die HERE opgaan, en sy heerlijkheid sal oor jou gesien word'.

Wanneer dit gebeur sal die wêreld weet dat Jesus inderdaad deur die Vader gestuur is en dat God ons liefhet net soos Hy Sy Seun liefhet. Diegene wat die heerlijkheid ervaar is aanmekaar gekoppel op 'n manier wat ons nie altyd verstaan nie.

Dit gebeur eers as jy deel is daarvan.

Die heerlikheid verwyder die afguns, die tweedrag en die onvermoë van vergifnis wat so baie Christene van mekaar verwyder.

Ons moet by die punt kom waar ons deursigtig kan wees sodat ons soos Hy kan wees.

Ons eerste roeping is om soos Jesus te wees.

Ons tweede roeping is om die werke wat Hy gedoen het te begin doen.

As ons soos Hy is sal ons in liefde wandel en as dit gebeur kan Hy Sy krag aan ons toevertrou.

Dit is wanneer ons soos die Een wat liefde is, word.

### ***1 Johannes 5:19-21;***

'Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.

En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe. My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen'.